# ’n Eko-billike beoordeling van Psalm 148[1]

**H Viviers**

**Departement Bybel- en Godsdienskunde**

**Randse Afrikaanse Universiteit**

## Abstract

## An eco-just evaluation of Psalm 148

***Eco-justness determines whether the earth and her inhabitants are treated in their own right as subjects, and not only as objects to be acted upon. At first glance it seems as if Psalm 148 is eco-just. The poet encompasses all of creation in this hymn of praise to Yahweh. However, it does not pass the test of eco-justness. Many (older) commentators go along with the male ideological thrust of the psalm, without questioning the maleness of Yahweh. The construct of Yahweh as the “super” male, symbolising Israel’s success as a nation, is not good news for eco-sensitivity and eco-responsibility. Female earth becomes very vulnerable within this shaping of society always aimed at serving male hegemony, values and interests. To uncritically reinscribe Psalm 148’s androcentric, ideological stance will simultaneously lead to an impoverishment and a one dimensional view of life in general.***

## 1. INLEIDING

Wat beteken eko-billik, wat behels dit alles? Eko-billikheid is ’n begrip wat graag gebruik word in die resente *Earth Bible*-reeks (Habel 2000; Habel & Wurst 2000; Habel & Wurst 2001), as ’n eksponent van eko-teologie. Dit gaan hier om die aarde in eie reg te ag, haar as volwaardige subjek te respekteer en nie maar slegs as ’n objek of ding[2] te beskou waarmee na goeddunke (gewoonlik uitbuitend) gehandel kan word nie. Eko-teologie is ’n uitgesproke bevrydingsteologiese benadering wat “groen” waardes onderskryf. Die wortels

---

[1] Opgedra aan prof Andries Breytenbach, ’n innemende mens wie se skerp intellek hopelik deur hierdie artikel geprikkel sal word.

[2] Ook by Westermann (1989:259) is daar ’n sensitiwiteit vir die gevaar van die objektivering van die skepping.

hiervan lê in die onrusbarende, wêreldwye ekologiese krisis wat mense opnuut dwing om hulle en die aarde se voortbestaan deur omgewingsverantwoordelike optrede te verseker. Teologie het ongelukkig ook ’n aandeel in die minagting vir die aarde, as gevolg van ’n eensydige beklemtoning van verlossingsteologie ten koste van skeppingsteologie. Verlossingsteologie is uiteindelik antroposentries en wil die mens juis red van die verdorwe aarde[3]. Onderliggend aan hierdie konflik tussen verlossing en skepping is onder andere Westerse dualisme waar gees bo liggaam geprioriseer word, rede bo materie, “hemel” bo aarde, man bo vrou en mens (kultuur) bo natuur, om maar ’n paar digotomieë te noem. Die digotomie tussen mens en natuur is diep ingebed in ons etiese bewussyn. Ons etiek fokus uitsluitlik op die behoud van menslike lewe en daarom is die neem van ’n menselewe strafbaar (“homicide”, “genocide”), maar die vernietiging van die aarde en aardlewe (“biocide”, “geocide”) gaan gemaklik by ons verby (vgl Berry 1996:8). Hierteenoor verkondig eko-teologie ’n onderlinge verbondenheid en lewensondersteunende interafhanklikheid van alles waar alle lewe intrinsieke waarde het. Eko-teologie is sterk deur feministiese teologie geïnspireer met haar hermeneutiek van suspisie en herstel. Dit impliseer ’n suspisieuse lees van tekste wat man-bevooroordeeld is ten koste van vroulikheid en met die doel om die vrouestem te herwin en volwaardig te herstel. Analoog hieraan beteken ’n eko-billike lees van ’n teks die ontbloting van antroposentriese waardes ten koste van eko-waardes en om laasgenoemde tot hulle reg te laat kom. Dit is duidelik dat ’n eko-billike lees van ’n teks sigself binne ’n uitgesproke ideologiese waardering van tekste bevind waar eko-billikheid swaarde met ander ideologieë kruis. Dit sal in die waardering van Psalm 148 verder duidelik blyk.

Maar wat behels ideologie? “... ideology is ‘... an integrated system of beliefs, assumptions and values’ that reflects ‘the needs and interests of a group or class at a particular time in history” (Robbins 1996:96, in navolging van Davis). Diepgewortelde idees, oortuigings en aannames wat van bepaalde waardes getuig, vorm dus groepe se ideologiese raamwerk. Hierdie oortuigings is gewoonlik ononderhandelbaar, daaroor word nie graag geargumenteer nie, want dit word as “natuurlik” of godgegewe beskou. Alle mense het ideologieë, hierdie ankers of vastighede is nodig vir hulle bestaan.

[3] Dit is nie net geloofstradisies wat skuld het aan die vernietiging van die aarde nie. Wetenskap en tegnologie staan ook in die beskuldigdebank wat die mens in staat gestel het om die aarde brutaal te onderwerp en te beheer (Berry 1996:3, 7).

Die feit van 'n ideologie is dus nie problematies nie, maar wel die waardes onderliggend daaraan, dit bepaal of 'n ideologie aanvaarbaar of verwerplik is. Groepe se god(e), onder andere, weerspieël hulle waardes, omdat godsbeelde of godskonstrukte die projeksie is van die absolute waardes wat bepaalde belangegroepe koester. Rassistiese ideologieë se gode weerspieël daarom gewoonlik die velkleur van die ras en ook hulle raseie, gekoesterde doen en late. Israel se god Jahwe simboliseer ook hulle ideologiese staanplek. In 'n poging om te bepaal of Psalm 148 wel die waarde van eko-billikheid onderskryf, is dit veral nodig om Jahwe ideologies van nader te beskou, wat gewoonlik nie gedoen word nie. Is hy (!), deur Israel se oë, 'n onskuldige skepper? 'n Skrywer enkodeer bepaalde waardes in die teks, soms openlik en soms tussen die lyne, waarmee die ontvangende leser kan resoneer of dit verwerp. Die ideologiese staanplek van die ontvanger (leser, interpreteerder, kommentator) bepaal die aktualisering van die teks. Daarom sal daar in wat verder volg gekonsentreer word op wat interpreteerders self sê van Psalm 148 (daarom die ietwat baie aanhalings).

Slegs die lees van die opskrifte bo-aan Psalm 148 by van die hoofstroomkommentare skep dadelik die indruk dat hierdie psalm wel eko-billik is. Die ganse skepping vorm tog deel van hierdie *Grand Magnificat* (Terrien 2003:920) aan Jahwe. En tog waarsku 'n ou kommentaar (Briggs & Briggs 1907:540) spesifiek teen vers 14, dat die natuur in Psalm 148 dalk nie so 'n hoë prioriteit geniet as wat met die eerste oogopslag blyk nie: "A glossator was not satisfied with this modest reference to Israel, and so he prefixes to this line: *And He exalted the horn of his people;* and appended: *of the sons of Israel, a people near to Him*], which, while appropriate enough in the mouth of the congregation, was not so well suited to the worship of Yah by all nature." Gaan dit werklik oor die aarde as sodanig of eintlik oor Israel (en Jahwe)? Dit is nodig om Psalm 148 ideologies van nader te bekyk.

## 2. ’N “NIE-IDEOLOGIESE” WAARDERING VAN PSALM 148

1a הַלְלוּ יָהּ
1b הַלְלוּ אֶת־יְהוָה מִן־הַשָּׁמַיִם הַלְלוּהוּ בַּמְּרוֹמִים׃
2 הַלְלוּהוּ כָל־מַלְאָכָיו הַלְלוּהוּ כָּל־(צְבָאוֹ) [צְבָאָיו*]׃
3 הַלְלוּהוּ שֶׁמֶשׁ וְיָרֵחַ הַלְלוּהוּ כָּל־כּוֹכְבֵי אוֹר׃
4 הַלְלוּהוּ שְׁמֵי הַשָּׁמָיִם וְהַמַּיִם אֲשֶׁר מֵעַל הַשָּׁמָיִם׃
5 יְהַלְלוּ אֶת־שֵׁם יְהוָה כִּי הוּא צִוָּה וְנִבְרָאוּ׃
6 וַיַּעֲמִידֵם לָעַד לְעוֹלָם חָק־נָתַן וְלֹא יַעֲבוֹר׃
7 הַלְלוּ אֶת־יְהוָה מִן־הָאָרֶץ תַּנִּינִים וְכָל־תְּהֹמוֹת׃
8 אֵשׁ וּבָרָד שֶׁלֶג וְקִיטוֹר רוּחַ סְעָרָה עֹשָׂה דְבָרוֹ׃
9 הֶהָרִים וְכָל־גְּבָעוֹת עֵץ פְּרִי וְכָל־אֲרָזִים׃
10 הַחַיָּה וְכָל־בְּהֵמָה רֶמֶשׂ וְצִפּוֹר כָּנָף׃
11 מַלְכֵי־אֶרֶץ וְכָל־לְאֻמִּים שָׂרִים וְכָל־שֹׁפְטֵי אָרֶץ׃
12 בַּחוּרִים וְגַם־בְּתוּלוֹת זְקֵנִים עִם־נְעָרִים׃
13 יְהַלְלוּ אֶת־שֵׁם יְהוָה כִּי־נִשְׂגָּב שְׁמוֹ לְבַדּוֹ הוֹדוֹ עַל־אֶרֶץ וְשָׁמָיִם׃
14 וַיָּרֶם קֶרֶן לְעַמּוֹ תְּהִלָּה לְכָל־חֲסִידָיו לִבְנֵי יִשְׂרָאֵל עַם־קְרֹבוֹ
הַלְלוּ־יָהּ׃

(*BHS*)

1. Prys die Here!
2. Prys die Here vanuit die hemele, prys Hom in die hoë hemel!
3. Prys Hom, alle engele, prys Hom, alle hemelwesens!
4. Prys Hom, son en maan, prys Hom, alle sterre!
5. Prys Hom, hoogste hemele, en waters in die hoë hemelruim!
6. Laat hulle die Naam van die Here prys, want Hy het beveel en hulle is geskep;
7. Hy het hulle vir altyd hulle vaste plek gegee,vir hulle ’n orde neergelê waarbuite hulle nie kan beweeg nie.
8. Prys die Here van die aarde af, seediere en al die oseane,
9. weerlig en hael, sneeu en miswolke, stormwind wat sy opdrag gehoorsaam,
10. berge, al die heuwels, vrugtebome, al die seders,
11. wilde diere, al die vee, al wat kruip of vlieg,
12. konings van die aarde, alle volke, vorste, alle regeerders van die aarde,
13. jong manne en meisies, grysaards saam met seuns!
14. Laat hulle die naam van die Here prys, want sy Naam alleen is hoog verhewe sy majesteit strek oor die aarde en oor die hemel
15. Hy het aan sy volk mag gegee. Dit is die roem van al sy troue dienaars, die Israeliete, die volk naby wie Hy is,
16. Prys die Here!

(*NAB*)

Die noukeurige "close reading" wat Prinsloo (2000) op Psalm 148 doen, en trouens al sy ander psalmontledings soos bekend uit sy navorsing, is verteenwoordigend van 'n tipiese "nie-ideologiese" waardering van die betrokke psalm. As reaksie teen sogenaamde, uitgesproke bevrydingsteologie (bv Swart Teologie, Feministiese Teologie, ens) word hier die indruk geskep van 'n neutrale en objektiewe standpunt. Laasgenoemde bestaan egter nie (vgl hierbo), want ook onderliggend aan 'n "objektiewe" benadering lê daar (onuitgesproke gewoonlik) bepaalde groepswaardes en belange wat gedien word, dikwels van 'n behoudende aard en dus eweneens ideologies gekleur. Prinsloo se fokus op die intratekstuele tekstuur van die teks veral is baie bruikbaar en in 'n mate ook sy aandag aan inter- en kulturele en sosiale teksture. Sy verwaarlosing egter van die politiek agter die ideologies-sakrale dimensies van die teks (vgl Robbins 1996:95-119) ontbloot wesensbelangrike eksegetiese leemtes (vgl pt 3 hieronder).[4] Nietemin, sy insigte maak 'n aanvangsgreep op die teks moontlik en wat verder volg is 'n opsomming van die belangrikste bevindinge op van die genoemde teksteksture sopas vermeld.

Psalm 148 word netjies saamgesluit deur 'n *inclusio*, "Halleluja" (הַלְלוּ יָהּ)[5], met twee parallelle strofes[6], vers 1-6 en 7-14 tussenin. Die lofprysing aan Jahwe vanuit die hemelruim deur al die hemelinge, vers 1b-4, word herhalend beklemtoon met die imperatief plus die derdepersoon manlik enkelvoudsuffiks, "prys hom" (הַלְלוּהוּ)[7]. Terselfdertyd is hier sprake van personifikasie, met ook 'n beweging van hoog na laag (vgl ook Schaefer 2001:343) en in 'n parallelistiese styl. Die motivering vir hierdie omvangryke lofoproep word met 'n jussief in vers 5 ingelei, "Laat hulle prys..." (יְהַלְלוּ), want Jahwe skep en bepaal hulle. Die tweede strofe word eweneens ingelei met die imperatief "prys die Here ..." (הַלְלוּ אֶת־יְהוָה) in vers 7, hierdie keer van die aarde af, en hoewel dit slegs een keer genoem word, word dit verder veronderstel.[8] Die meristiese lys van aardverskynsels en aardbewoners waar

---

[4] Ter versagting van Prinsloo se artikel, "Twee kore besing die lof van Jahwe", hier onder bespreking, moet gemeld word dat dit reeds in 1991 gepubliseer is in sy *Die Psalms leef!* Halfway House: NG Kerkboekhandel. Toe was ideologiekritiek hier te lande maar die belangstelling van enkeles.

[5] Psalm 148 vorm deel van die "hallelujah"-psalms, Ps 146-150, wat almal hierdie *inclusio* vertoon en wat die psalmbundel op 'n hoogtepunt afsluit.

[6] 'n Meer resente stigometriese analise sou strofes eerder as stanzas omskryf.

[7] Vs 1b-4 vorm 'n *anafoor* waar opeenvolgende stiges op 'n soortgelyke wyse begin. In sigself vorm dit ook 'n *inclusio*, beginnend en eindigend met "hemel" (Prinsloo 2000:319).

[8] 'n Uitgebreide vorm van delesie (Prinsloo 2000:320).

die deel die geheel verteenwoordig (Prinsloo 2000:320) in vers 7-12, klop met die parallelismes van vroeër en weer vind daar personifikasie plaas. Hierdie keer is daar ’n beweging van minder belangrik na meer belangrik (vgl ook Schaefer 2001:343). En soos vroeër volg op die lofoproep van die aarde en aardlinge weer ’n jussief (vs 13a “Laat hulle prys ...”, יְהַלְלוּ) as motivering – want Jahwe is hoog en sy majesteit onbegrensd. Vers 13b-14 kon wel redaksioneel tot die psalm toegevoeg gewees het as “Unterschrift” (Gunkel 1968:618), maar is tog baie behendig deel van die psalm gemaak soos Prinsloo (2000:322) oortuigend aantoon. Die woordherhaling כָּל, “al”, regdeur die psalm (vs 2, 3, 7, 9, 10, 11, 14b) dra by tot die hoofstrekking van die psalm, naamlik die .”..alomvattendheid van die lof wat aan Jahwe gebring moet word...” met as hoogtepunt die viering van Israel se heilsgeskiedenis (vs 14) (Prinsloo 2000:318-319, 329).

Psalm 148 toon intertekstueel baie ooreenkomste met veral Genesis 1, Job 38[9], Psalm 103 en 104 en ook ’n apokriewe toevoeging tot die boek Daniël (hfst 3, vgl LXX en die Vulgaat) (Prinsloo 2000:317, 325). Dit is altyd moeilik, soms selfs onmoontlik by veral “a-historiese” poëtiese tekste om te bepaal wie by wie geleen het. Daar is redelike eenstemmigheid dat Psalm 148 ’n na-eksiliese himne is wat in die kultus gefigureer het (Prinsloo 2000:324) en Israel se heil en eer as ’n verhewe volk deur Jahwe se toedoen, gevier het (vgl vs 14). Sommiges ag laasgenoemde as die verlossing uit die ballingskap (Allen 1983:317) te gewees het, maar die presiese historiese insident(e) van hulle magtige verheffing onder ander volkere is onduidelik (Prinsloo 2000:329). Dit is in breë trekke Prinsloo se analise van Psalm 148.

As Psalm 148 se allesomvattende lof uitmond in Israel se eer dan sê Prinsloo (2000:330) ook verder: “Die mens moet sy plek in die wêreld ken. Hy is deel van die skepping wat aan die lofgesang moet deelneem.” Hierdie stelling word gemaak sonder ’n ideologiese analise van die psalm en skep die indruk dat die aarde en eko-billikheid ongetwyfeld deel is van die psalm. Is dit egter waar? Moet die mens sy plek ken of eien hy dalk juis die spesiaalste van alle plekke vir homself toe? Wat verklap ’n sakraal-ideologiese analise van die psalm?

## 2. ’N SAKRAAL-IDEOLOGIESE WAARDERING VAN PSALM 148

In die Inleiding is reeds genoem dat die konstruk “god” ’n baie vrugbare ideologiese greep op ’n teks soos Psalm 148 moontlik maak. Mense

[9] Baie kommentatore volg Von Rad na deur te wys op moontlike lyste-wysheidsinvloede op Psalm 148 vanuit Egipte, byvoorbeeld die Onomastikon van Amenope (vgl Kraus 1972:962).

projekteer, vergestalt of sentreer graag hulle diepste waardes, oortuigings en belangstellings in hulle godsmetafore. "Wys my jou 'god' en ek wys jou jou gemeenskap" (en die omgekeerde) het iemand per geleentheid tereg opgemerk. 'n Gemeenskap se "god(e)" verraai dit waar hulle uiteindelik by staan of val, hulle "gode" vorm die kulminasiepunt van die ononderhandelbare, absoluuthede ("ultimacies") en gegewenhede van die wese van hulle kultuur.

Alvorens daar gefokus word op Psalm 148 se "god" is dit nodig om kortliks te vra wie of wat is "god" werklik? In 'n kort, insiggewende studie kom Vorster (2003:4) tot die konklusie dat "god" 'n "… sosiale magsmeganisme, 'n sosiale strategie…om gemeenskapspraktyke mee te reguleer", is. Dit wil dus sê met "god" manipuleer jy! Hiermee eggo hy die bekende antropoloog Mary Douglas se "God-society" waar die gemeenskap (= "god") sogenaamde "god-talk" gebruik om hulle doen en late te reguleer. Met "god" kan bepaalde groepe op 'n sonderlinge wyse bemagtig word en ander weer ontmagtig word. In die naam van godsdiens kan wonderlike dinge gedoen word, maar ook die mees afskuwelikste dade gepleeg word, het die geskiedenis ons geleer. En die ontologiese "ware God" dan? Op laasgenoemde is daar geen greep moontlik nie[10], gewoon omdat mense wat aan "dié kant" leef niks (kontroleerbaar) kan kwytraak oor die "ander kant" nie (Vorster 2003:3). Laasgenoemde lê op die terrein van aanname/spekulasie en gevolglike belydenis en enigiets wat as "openbaring" aangebied word vanuit 'n sogenaamde, objektiewe werklikheid aan die "ander kant", bly steeds niks anders as net aanname/spekulasie nie, grondige kontroleerbare argumente bly soek. Daarenteen het veral die kognitiewe wetenskap die afgelope dekades ons oë begin open, dat ons subjektief self ons werklikheid skep. Anders as binne die objektiwisme is die resultate van die kognitiewe wetenskappe empiries kontroleerbaar. Meta-fisika bestaan nie selfstandig "daar buite" nie, maar word begrond in die fisika "hier onder", dit is niks anders nie as die produk van menslike simbolisering. Ons skep dus ons eie wêreld, ook ons geestes- of ideewêreld waarbinne ons leef. Ons liggaamlikheid staan sentraal in al ons simboliseringshandelinge. Bepaalde liggaamservaringe word byvoorbeeld taalmatig, metafories geprojekteer – beginnende by sogenaamde "image schemata" (om liggaam en denke te versoen), wat uitmond in primêre metafore en weer verder uitgebou word tot komplekse, saamgestelde metafore en uiteindelik lei tot ons mees abstrakte konstrukte.[11]

[10] Die kerk se *credo* begin daarom korrek met "Ek *glo* in God die Vader ..."!!

[11] Die konseptualiseringsproses is veel ingewikkelder as hierdie ietwat simplistiese "paadjie" hier ter verduideliking weergegee.

Op hierdie wyse konseptualiseer ons ons leefwêreld of leefwerklikheid (“to have a world” – Johnson 1987:102; vgl ook Lakoff & Johnson 1999) en ons verwoord dit in taal.[12] Menslike bestaan is dus wesenlik metaforiese bestaan, ons sien en beleef ons wêreld deur metaforiese konseptualisasie. Dit werk nie anders met ons konseptualisasie van “god” nie. Wat ook al presies die diep fisiese, psigologiese en sosiale behoeftes vorm vir die konseptualisering van “god”, laasgenoemde ken ons uiteindelik as ’n metafoor, ’n “taalskepping” waarmee gemeenskappe hulleself sinvol (uiteraard gemeenskapspesifiek) reguleer en vandaar die tipering van “god” hierbo as ’n sosiale strategie. “God” vergestalt by name, wat Vorster die hiërargiese beginsel noem, dit wat te make het met “uiteindelikhede” (2003:9), die hoogste, sterkste, wysste, mooiste, regverdigste, heiligste, ensovoorts, kortom die finale, absolute waardes en koesteringe van ’n bepaalde kultuur of gemeenskap. Na hierdie “uiteindelikhede” leef en streef die gemeenskap ook, dit word as ’t ware op hulle liggame geskryf, deur hulle geïnternaliseer en vorm ’n bloudruk wat hulle moet gaan konkretiseer. Personifikasie[13] van “god” is onontbeerlik om hierdie diepste waardes te stabiliseer en te konkretiseer. Aan baie diep ervaringe gee mense natuurlikerwys ’n “gesig”. Dit gebeur van oudsher af: die emosie “liefde” kry gestalte in ’n persoon, naamlik die godin van liefde (bv Venus) of “opofferende liefde” konkretiseer in Jesus Christus. Ons personifieer nie slegs “gode” nie, maar ook die natuur (vgl Ps 148 hierbo). Dit is makliker om ’n natuurverskynsel (weerverskynsel, plant, dier, ens) as “mens” te begryp as in eie reg, eintlik kan ons nie anders nie. Dit is daarom ook verstaanbaar dat die verskillende skeppingselemente in Psalm 148 almal in menslike stem lof aan Jahwe besing (הַלְלוּ יָהּ). En ons ken ook hierdeur waarde toe aan dit wat ons vermenslik, ons ag dit soos onsself. Ons interpreteer ons werklikheid, ook “god”, ooreenkomstig ons eie menswees. Daarom maak dit sin dat sommige geleerdes ook die “god” van die Bybel as ’n “karakter” beskryf (vgl Brenner 1981:135[14]; Carroll 1997:56). Dit verklaar in elk geval ook veel beter die uiteenlopende godsbeelde in die Bybel as om God se “enigheid” dogmaties (vanuit die “openbaring”?) te probeer handhaaf (red?). Dit is reeds ook

[12] Taal informeer nie, dit “doen” of skep en daarom behoort die klem te verskuif van ’n referensiële siening van ’n taalhandeling eerder na ’n performatiewe siening van taalgebruik (Vorster 2003:5; Nel 2003:893-894).

[13] Vorster (2003:14) definieer soos volg: “Personifikasie is ’n poging om stabiliteit te gee. Dit gee stabiliteit en lewe aan die lewelose dinge wat dit personifieer. Praktyke, gedagtes, logika word ‘mens’ gemaak, word ’n persoon waardeur daardie wyshede teenswoordig en konkreet word.” Personifikasie is ook kenmerkend van meer primitiewe gemeenskappe.

[14] God se uitgelewerdheid aan willekeur (vgl Job 38 e.v.) maak hom blootgestel soos ’n mens, sodat Brenner (1981:135) na hom verwys as *b$^{e}$tselem ’adam*, beeld van die mens.

duidelik dat die metafoor/simbool[15] "god" nooit objektief of neutraal kan wees nie, want die menslike skepper hiervan is nie. Menslike subjektiwiteit ("ideologie") word ingebed in hulle godskonstrukte, sodat die term "god" 'n polities-gelade term is en dit geld ook "Jahwe" van Psalm 148 soos nou sal blyk.

Wie of wat is die "god" van Psalm 148? Hier kan met twee antwoorde volstaan word, Jahwe is 'n "mens" en hy is ooglopend manlik. Eerstens 'n paar opmerkings oor die personifiëring van Jahwe, sy vermensliking in die psalm en wat baie duidelik in ooreenstemming gebeur met wat sopas oor godskonstrukte gesê is. Prinsloo (2000) se hele betoog in sy artikel is om die hedendaagse gemeente te oortuig om soos destyds lof aan die objektiewe God (*a la* die aanname van die teks) te betuig, omdat Hy dit waardig is. Tog maak hy 'n insiggewende opmerking oor hierdie God se menslikheid: "Hierdie vers (*vs 2 – HV*) is waarskynlik 'n metaforiese manier om van die hemelse hofstaat te praat waar Jahwe geteken word as 'n koning omring deur sy diensknegte (vgl Ps 103:20-21 waar dieselfde metafoor gebruik word)" (2000:327; vgl ook Kraus 1972:964). Die godsvoorstelling van Psalm 148 se buurpsalm, Psalm 150, is dieselfde (Viviers 2003:9-10). Die aardse word in die onbereikbare, ontoeganklike (vir destyds) hemelse[16] geprojekteer. Jahwe is weliswaar 'n baie spesiale en verhewe mens, 'n tipiese soewereine en magtige destydse Oosterse vors. Hy word voorgestel nie net as aards-soewerein en magtig nie, maar volkome soewerein en almagtig soos wat hy in die hoogste hemele op sy troon sit. Die hiërargiese beginsel word hiermee treffend geïllustreer, Jahwe simboliseer die uiteindelike, finale, hoogste hiërargiese posisie denkbaar. Maar Jahwe is nie slegs die spesiaalste individu denkbaar en voorstelbaar nie, hy moet ook kollektief verstaan word as "Israel" – in hom kulmineer Israel se ganse vermoë, strewe, eer en status, hy simboliseer dit. Dit beaam die afsluitingsvers, die "onderskrif" van die psalm, vers 14[17], waar die digter/redaktor homself (!) weggee dat Jahwe en Israel eintlik maar een is. Burden (1991:185), binne dieselfde objektiwistiese denkraamwerk as Prinsloo, maak nietemin die volgende insiggewende opmerking oor hierdie vers: "Die loflied vir die Here word 'n loflied op Israel

---

[15] Exum (1996:120 n 55) wys baie belangrik daarop dat metafore nie maar onskuldige poësie is nie, maar gemeenskappe vorm (vg ook voetnota 12).

[16] Die bybelse wêreldbeeld behels basies drie dele, 'n onderwêreld, die aarde en die hemel. Die hemel is deel van die geskape werklikheid, weliswaar onbereikbaar gewees vir die antieke mens, maar nie een of ander spirituele of mitiese "ander" wêreld nie (Reid 2000:240-241; Westermann 1989:258).

[17] Vgl weer Briggs en Briggs (1907:504) in die Inleiding se ongemaklikheid met en bedenkinge oor hierdie vers se eko-vriendelikheid.

...’n gevaarlike identifikasie wat in die verlede tot Israel se selfverheffing en ondergang gelei het.” Jahwe is duidelik ’n projeksie van Israel se eer! Dit gaan dus wesenlik oor Israel se eer en prestasies wat in hulle hoogste persoonskonstruk konkretiseer en sigbaar raak. Israel is nie Jahwe se skepping nie, maar Jahwe is Israel se skepping[18], hulle sosiale magsmeganisme om aan hulleself en aan ander hulle sukses as ’n volk (wat ook al die presiese historiese aanleiding hiervoor was) te vier en te demonstreer.

Jahwe is in die tweede plek nie slegs hiërargies die hoogste mens nie, hy is ook die “super”-man. Jahwe se manlikheid toon Prinsloo (2000) deurgaans aan, maar hy bevraagteken dit nooit nie, want dit is ’n objektiewe gegewe aldus hom. Dit kom ook deurgaans by van die ouer kommentare voor (meestal deur mans geskryf) wat die manlikheid van Jahwe as probleemloos aanvaar en dit selfs neutraal hanteer sonder om vir ’n oomblik te besef dat juis dit ’n polities, uiters gelade konstruk is. Toegegee, baie van die kommentare het die lig gesien voor feministiese teologie haar merk begin maak het. Die derdepersoon manlik enkelvoudsuffikse gevoeg aan die werkwoord הלל en gevoeg aan naamwoorde (bv vs 13-14 לְבַדּוֹ הוֹדוֹ, sy majesteit, sy eer, ens) kom deurgaans in die psalm voor, struktureer en bepaal dit ook (vgl hierbo). Die bedrewe digter skerp dit selfs stilisties in met *inclusiorym* in 13b/14a: “Sowel die eerste (הוֹדוֹ) as die laaste (לְעַמּוֹ) woord van dié stige eindig op ’n o-klank. Al bogenoemde o-klanke staan in verband met die derdepersoon-enkelvoud-suffiks (“*sy* Naam”, “*sy* majesteit”, “*sy* volk; vgl ook “*sy* troue dienaars” in 14b) en verwys na Jahwe in 13a. Hierdeur word 13a-14b nou saamgebind, maar gryp dit ook terug na die vorige gedeelte waar דְּבָרוֹ (vgl 8) ook opvallend aan die einde van ’n stige voorkom” (Prinsloo 2000:322). Behalwe vir hierdie opvallende “vermanliking” in die taalbeskrywing van Jahwe, tree hy in sy doen en late ook deurgaans “manlik” op. Jahwe doen presies wat ’n tipiese man in die destydse patriargaal-hegemoniese wêreld gedoen het. Hy is aktief, skeppend (bv die verwekking van kinders, vrou is die “houer”) dominerend, bevelend en volledig in beheer van alles. Hy bepaal die grense van die lewe, die kategorieë daarvan en die orde daarvan. Wat ’n man op aarde doen, doen die “super”-man Jahwe in die hemel (vgl vs 5-6). So projekteer mense dan ook hulle konsepte van samelewingsorde terug in die natuur in, die makro-kosmos word ’n spieëlbeeld van die mikro-kosmos en die “natuurlikheid” hiervan speel weer terug op en reguleer op sy beurt die aardse (Vorster 2003:13). Dit is ’n orde wat man-bepaald en hoofsaaklik man-vriendelik is, “a man’s world”. Jahwe beheer en bestuur nie slegs die hemel

---

[18] Jahwe is etnies, Israelities (die verbondsgod), teenoor die meer universele El.

en hemelkragte nie, maar ook die aarde en onderaardse verskynsels en magte. So byvoorbeeld is die groot seediere en oseane (oerwaters) onder sy mag sodat hulle hom kan loof en dien (vs 7; vgl ook vs 8). Prinsloo (2003:328) merk belangrik op dat daar dalk ’n eggo in vers 7 mag wees van die Babiloniese mitologie van die chaosstryd, waar die seemonster Tiamat verslaan word. Dit mag nie oorgesien word dat hierdie monster vroulik is nie – dus manlikheid onderwerp en kontroleer vroulikheid, dit is ’n “natuurlike gegewenheid”. Ontmitologisering van die chaosmagte (Prinsloo 2000:325) kom dus eintlik neer op die ontmagtiging van die vrou. Dit is duidelik dat die psalm deurspek is van manlike waardes en belange. Selfs al word Jahwe se sorg en instandhouding van alles (vroulike eienskappe) ook in die psalm geïmpliseer, voer (manlike) mag die botoon. Brueggemann (1984:165) sien dit netjies raak: “The idea of God’s graciousness may be implied, as always in creation speech, but in the rhetorical pattern, it is power and not graciousness which overwhelms the assembled creation.”

Kommentatore is eenstemmig oor die omvattendheid van die psalm se deelnemers om lof aan Jahwe te besing. Die psalm is wel inklusief, want dit sluit hemel en aarde en alles en almal daarin en daarop in. Fretheim (1987:28) omskryf dit treffend as ’n simbiose van lof, waar alles mekaar aanwakker tot lofsang. Prinsloo (2003:319, 320) verwys tereg na die “meristiese” lysting van alle betrokkenes juis om die allesomvattendheid van die lofbetuigers te onderstreep (vgl ook Ps 150:6). Teen die verwagting in word selfs vroulike rolspelers by name geïdentifiseer, die “jongmeisies” (בְּתוּלוֹת) in vers 12. Behalwe vir hierdie eksplisiete verwysing na vroue is daar ook ’n minder opsigtelike, implisiete verwysing na vroulikheid wat mag deelhê aan hierdie universele lofprysing. Konvensioneel en selfs baie algemeen verspreid deur kulture heen word die aarde en die natuur as vroulik gekonstrueer[19], en daarom die oortuiging dat die wilde natuur net soos ’n weerspannige en onbeheerbare vrou getem en in toom gehou behoort te word. Die beheer deur Jahwe van die onstuimige chaoswaters en hulle monsters (vgl vs 7 en Tiamat hierbo) is sprekend van die kontrolering van wanordelike en losbandige “vroulikheid”. Vrouens is konvensioneel en essensieel (“natuurlik”) juis ook as uitermate vogtig en natterig geag en daarom geneig tot wanorde in teenstelling met droër en beheerste mans (Vorster 2003:23 in navolging van Carson). Hoe dit ook al sy, vroulike natuur word ingesluit in hierdie lofprysing aan Jahwe. Hierdie inklusiwiteit en onderlinge afhanklikheid van alle kreatuurlikheid (vgl Westermann 1989:259), wat ook opmerklik in die boek Job aanwesig is, is ’n winspunt vir feministiese

---

19 Die natuur as “vrou” sien ons ook mooi geïllustreer in die Suid-Afrikaanse digter van weleer, Jan F E Celliers, se bekende gedig *Die Vlakte.*

teologie waar vroulikheid ingetrek word in die man-gedomineerde samelewing van destyds (cf Bechtel 1995:251). Maar helaas, wat word van vroulikheid verwag? Om saam te sing in die universele koor tot lofprysing van manlikheid! Dit gaan nie oor die ag van die vrou/natuur in eie reg nie, maar “sy” mag slegs gedienstig wees aan die manlike ideaal en die simbole van manlike majesteit. Uiteindelik stuur Psalm 148 af op Israel se verlossing, hulle redding wat vir hulle die weg geopen het om ’n groot nasie te word (Prinsloo 2000:329). Mans is stereotiep die redders/helde van ’n volk en vroue die dienaars. Vrou/skepping staan in diens van (manlike) verlossing. Die skeppingstradisie “voed” die verlossingstradisie in Psalm 148, ideologies is dit dus ’n mens- (man-) gesentreerde psalm.

Psalm 148 lyk in ’n nie-ideologiese lig na ’n onskuldige, neutrale teosentriese psalm, ’n goeie psalm om na te sê/sing en te leef. Die oomblik as dit onder ’n ideologiese soeklig kom dan blyk dit glad nie onskuldig te wees nie. Nou blyk die psalm ’n pertinente viering van (Israelitiese) etnosentrisme te wees en vanselfsprekend van androsentrisme, want Israel was ’n patriargale samelewing. Het hierdie psalm iets bruikbaar vir eko-billikheid aan te bied selfs al mag die natuurkoor saamsing?

## 4. ’N EKO-BILLIKE BEOORDELING VAN PSALM 148

Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat Psalm 148 nie die toets vir eko-billikheid slaag nie, selfs al lyk dit op die oog af of dit wel ’n “universele” psalm is waar die skepping in die lofsang tot Jahwe mag saamsing. Prinsloo (2000:329), eerder oortuig van die psalm se eko-vriendelikheid, beaam ironies juis die omgekeerde as hy die hoofstrekking van Psalm 148 soos volg verwoord (vgl ook hierbo): “Die psalm bereik dus sy hoogtepunt met ’n beroep op die heilsgeskiedenis as grond vir die imperatiewe tot lof.”

In die Inleiding hierbo het ons gesien dat dit juis die verwaarlosing van skeppingsteologie ter wille van verlossingsteologie is wat tot die teologiese armoede oor omgewingskwessies bygedra het. Dit was een van die stimulante vir die ontstaan van die *Earth Bible*-reeks juis om hierdie wanbalans reg te stel en die kritiek te temper dat die Christendom niks aan te bied het in die wêreldwye ekologiese krisis nie. Heilsgeskiedenis gaan primêr en uiteindelik oor die heil en welsyn van die mens en nie oor die aarde nie. Laasgenoemde is slegs daar tot voordeel van die mens. Die mens gebruik (en misbruik) die aarde instrumenteel vir sy eie voordeel en die aarde word ’n objek (ding) waarop en waarmee gehandel word. Die heil van die aarde, die aarde en aardbewoners as subjek in eie reg, is ver buite die fokus van hierdie ongebreidelde antroposentrisme. Hierbo is reeds aangetoon hoe die skeppingstradisie in Psalm 148 uiteindelik die verlossingstradisie “dien”.

Die besondere bemagtiging van die mens, by name die man, deur die godspraak ("god talk") van die psalm gee aan hom 'n buitengewone verhewe posisie. Die godskonstruk van "manlikheid" plaas hom opsigtelik op die goddelike troon – die Israelitiese man is Jahwe! Tydig is die opmerking in veral feministiese kringe, "If god is male, then all males are god." Die absolute priorisering van manlike waardes, belange en hegemonie laat weinig ruimte vir ander waardes, byvoorbeeld vroulike waardes. Binne hierdie betekeniskonteks is "moeder" of vrou-aarde gedoem tot minderwaardigheid en gebruik en misbruik soos dit die man behaag. Soos wat dit binne patriargale denke 'n man se reg is om 'n vrou te mag verower, so mag hy die aarde plunder vir eie gewin. Die verhewe "koningskap" van die man is slegte nuus vir die aarde, want ons weet konings se verbruik is geweldig, soms skokkend hoog. Die goddelike bemagtiging van die man ontmagtig terselfdertyd die vrou/aarde en kan laasgenoemde selfs demonies konstrueer – 'n donker mag wat gedurig getem, beheer en op haar plek gehou moet word. In Psalm 148 mag die vrou/aarde saamsing maar uiteindelik om manlikheid te eer. Presies dieselfde gebeur in die buurpsalm Psalm 150, die laaste en klimaktiese afsluiting die psalmbundel (Viviers 2003:9, 11). Dit was nie anders in die Israelitiese samelewing waar 'n vrou ten alle tye haar man se eer haar belangrikste prioriteit in die lewe moes maak nie (Archer 1990:207-250). Dit is vreemd dat beide Prinsloo (2000:328) en Burden (1991:185) van die mens in Psalm 148 kan sê dat hy nie eintlik uitgesonder word nie, maar een is tussen die baie skepsele – hy word juis baie spesiaal uitgesonder, hy (!) is bo-aan die hiërargie as 'n god!

Is alle manlikheid slegte nuus vir eko-billikheid? Allermins. Manlike energie, dryfkrag, inisiatief en bestuursvermoëns is onontbeerlik vir die daadwerklike oplos van eko-kwessies vandag en daar kan geen twyfel bestaan dat mans hier hulle bydrae lewer nie. Trouens, was dit nie vir manlike aggressie nie, het die menslike spesie dalk lankal uitgesterf. 'n Eensydige, oorbeklemtoonde "manlikheid" is egter problematies, die ystervuis moet ook plek maak vir die omhelsing.[20] Manlike rasionele "oplossings" is nie altyd die antwoord nie, en behoort gekomplementeer te word met vroulike "ervaring".[21] Die wêreld ontdaan van vroulikheid is 'n arm, eendimensionele werklikheid, dit is 'n wêreld van kompeterend heers en oorheers en weinig sorg en versorg.

[20] Dit is merkwaardig dat Jesus 'n dominansie- of androkratiesvrye waardesisteem voorstaan, naamlik vennootskapwaardes ("partnership values") waar vroue en per implikasie ook die natuur tot hul volwaardige reg kom (vgl Wink 1993:474).

[21] As Isherwood (2000:14) tereg opmerk, "Bodies know more deeply than minds alone … " en vroue konvensioneel as "liggaam" gekonstrueer word teenoor die "rasionele" man, dan is vroue se "ervaring" en insette 'n onmisbare bate.

Die Verenigde State van Amerika met sy macho-agtige pres George W Bush (jr)[22] is ’n sprekende voorbeeld. Bush wil lofwaardig van die wêreld ’n beter plek maak vir almal, maar hy huiwer nie om bedenklike, ekologies-vernietigende oorloë te voer om dit te bereik nie. Die VSA is die grootste lugbesoedelaar in die wêreld, en weier tog onder Bush se bewind om die Kyoto-protokol teen wêreldwye lugbesoedeling te onderteken, omdat Amerikaanse geldbelange in gedrang kom.

Psalm 148 slaag nie die toets van eko-billikheid nie. Dit laat wel ruimte vir die skepping om haar stem ook duidelik te laat hoor, maar dan in lofprysing van mens-(man-) like prestasie en sukses. Die psalm is nie uitsluitlik aan die kant van die mens nie[23], maar uiteindelik wel!

## 3. KONKLUSIE

Godskonstrukte is nooit neutraal of objektief nie, selfs nie die mees abstraktes nie. Dit is verstaanbaar, want die menslike skeppers daarvan kan nooit hulle subjektiwiteit ontsnap nie. Dit geld eweneens die godsvoorstellinge van die Bybel en ook die van Psalm 148 soos hierbo aangetoon. Groepe se godskonstrukte bied ’n vrugbare poort tot die hart van hulle oortuigings, daardie ononderhandelbare, “gegewe” waardes wat aan hulle hulle identiteit gee. Hierdie sosiale magsmeganisme wil enersyds die groepaanhangers bemagtig, maar andersyds die afwykendes marginaliseer, ver-“dinglik” en ontmagtig.

Jahwe van Psalm 148 simboliseer as die majestueuse, hemelse koning, Israel se topposisie bo-aan die hiërargiese leer, danksy die volk se sukses op hierdie bepaalde moment in die geskiedenis. Israel is Jahwe (vgl vs 14)! Maar Israel/Jahwe is ook manlik, wat nie altyd goeie nuus is vir die vroulike aarde en natuur nie. Al mag die ganse skepping saamsing in die loflied op Jahwe prys dit uiteindelik manlike waardes en hegemonie. Die Israel/Jahwe konstruk in aksie as sosiale magstrategie om die ganse lewe op “manlikheid” te sentreer en so die patriargale Israelitiese samelewing in stand te hou en gedurig te reïnskribeer, is duidelik.

Feministiese teoloë se onvergenoegdheid met die Bybelse manlike god is gegrond. ’n Voortdurende bemagtiging en reïnskribering van manlikheid ten koste van vroulikheid laat nie maar net die natuur aan die kortste end trek nie, maar verarm die ganse lewe tot ’n eendimensionele voorspelbaarheid.

[22] Bush is toevallig ook ’n konserwatiewe Christen.

[23] Vgl veral Fretheim (1987:22, 25-26) wat die intrinsieke waarde van die nie-menslike deel van die skepping met nadruk beklemtoon.

## Literatuurverwysings

Allen, L C 1983. *Psalms 101-150.* Waco, TX: Word Books. (WBC 21.)
Archer, L J 1990. *Her price is beyond rubies: The Jewish woman in Greco-Roman Palestine.* Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Suppl series 60.)
Bechtel, L M 1995. A feminist approach to the book of Job, in Brenner 1995:222-251.
Berry, T 1996. *Ethics and ecology (Paper delivered at the Harvard Seminar on Environmental Values, 9 April 1996)* http://ecoethics.net/ops/eth & ecol.htm
Beuken, W et al (reds) 2000. *Die lof van my God solank ek lewe: Verklaring van 'n aantal psalms deur Willem S Prinsloo.* Irene: Medpharm Publikasies.
Brenner, A 1981. God's answer to Job. *VT* 31, 9-137.
Brenner, A (ed) 1995. *A feminist companion to wisdom literature*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
Briggs, C A & Briggs, E G 1907. *The book of Psalms, vol II.* Edinburgh: T & T Clark. (ICC.)
Brueggemann, W 1984. *The message of the Psalms.* Minneapolis, MN: Augsburg.
Burden, J J 1991. *Psalms 120-150.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers. (SBG.)
Carroll, R P 1997. *Wolf in the sheepfold: The Bible as problematic for theology.* London: SCM Press.
Exum, J C 1996. *Plotted, shot and painted: Cultural representations of biblical women.* Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOT Suppl series 215.)
Fretheim, T E 1987. Nature's praise of God in the Psalms. *Ex Auditu* 3, 16-30.
Gunkel, H 1968. *Die Psalmen.* 5.Auflage. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
Habel, N C (ed) 2000. *Readings from the perspective of earth.* Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 1.)
Habel, N C & Wurst, S (eds) 2000. *The earth story in Genesis.* Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 2.)
Habel, N C 2001. *The earth story in Wisdom traditions.* Sheffield: Sheffield Academic Press. (The Earth Bible, vol 3.)
Isherwood, L 2000. Introduction, in Isherwood, 2000:9-18.
Isherwood, L (ed) 2000. *The good news of the body: Sexual theology and feminism*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (Studies in Theology and Sexuality, 5.)
Johnson, M 1987. *The body in the mind: The bodily basis of meaning, imagination, and reason.* Chicago, IL: The University of Chicago Press.
Kraus, H-J 1972. *Psalmen 64-150.* 2.Auglage. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (BKAT XV/2.)
Lakoff, G & Johnson, M 1999. *Philosophy in the flesh: The embodied mind and its challenge to Western thought.* New York: Basic Books.
Nel, PJ 2003. Die Bybel: Teks en ondermyning. *HTS* 59(3), 881-897.
Prinsloo, W S [1991] 2000. Psalm 148: twee kore besing die lof van Jahwe, in Beuken 2000:316-330.
Reid, D 2000. Setting aside the ladder to heaven: Revelation 21.1-22.5 from the perspective of the earth, in Habel 2000:232-245.
Robbins, V K 1996. *Exploring the texture of texts: A guide to socio-rhetorical interpretation.* Valley Forge: Trinity Press International.
Schaefer, K 2001. *Psalms.* Minnesota, MN: The Liturgical Press. (Berit Olam.)
Terrien, S 2003. *The Psalms: Strophic structure and theological commentary.* Grand Rapids,MI: Eerdmans. (ECC.)

Viviers, H 2003. Psalm 150:7 ff: Towards an eco-theological “completion” of an unfinished symphony! *Ekklesiastikos Pharos* 85, 47-61.

Vorster, J N 2003. *Wat sê die Bybel regtig oor … God?* Pretoria: C B Powell Bybelsentrum, Unisa.

Westermann, C 1989. *The living Psalms,* tr by J R Porter. Edinburgh: T & T Clark. (ICC.)

Wink, W 1993. Ecobible: The Bible and ecojustice. *Theology Today* XLIX (4), 465-478.